Sutherland watervlakke 10 Feb. 2022



Pomp 1, soos gesien word 2 watervlakke getoon op die grafiek. ‘n Rus en pomp watervlak. En soos waargeneem word, kan gesien word dat die vlakke voorspel was om te styg maar dit het nie. Van Oktober maand af bly alles constant. En onder op die grafiek word getoon hoeveel water gepomp word per dag en dit wys dat baie min water gepomp word maar geen herstel op die boorgate word getoon nie.



Pomp2 Hier kan gesien word dat die boorgat baie stadig herstel toon. Dit moet nog 20m styg om by 2019 se vlakke te kom en hier word ook nie veel water gepomp nie.



Pomp3, alhoewel die boorgat baie mooi geklim het sou n mens verwag dat die boorgat nou weer water kan verskaf. Dit is egter nie so nie, in Januarie 2022 is die boorgat vir 3 dae gepomp en soos daar gesien kan word het die vlakke nie herstel nie. Die boorgat gaan nie weer gebruik word nie, omrede dit te veel val en herstel op die boorgat is nie onmiddelik nie. Die akwafeer word seergemaak deur die gat te pomp.



Pomp4, die gat het mooi herstel maar soos gesien word, word daar al klaar groot volumes uit die gat getrek juis om met die verbruik van die dorp te help. Daar is net 3 gate wat gebruik kan word vir die dorp en as die dorp meer water verbruik as wat beskikbaar is gaan die dorp teen die einde vd maand weer op baie korter ure geplaas moet word om te voorkom dat die boorgate opdroog.